Bybelleesrooster

Eerste Sondag na Epifanie: So 13 Januarie 2019	Jesaja 43:1-7 Psalm 29: Handelinge 8:14-17 Lukas 3:15-17,21-22

Verjaardae

Lorraine Edwards	13 Jan
Gideona Prins	13 Jan
Philip Prins	13 Jan
Juliette Kriel	15 Jan
Peetie Swart	16 Jan
Joey Retief	19 Jan

Die Here heers oor die watermassas, Hy heers vir altyd as koning. Die Here gee krag aan sy volk; die Here seën sy volk met oorvloed.
PS 29:10-11

FINANSIËLE OORSIG VIR JANUARIE 2019

Dankoffers vir Januarie **R11 190**
Mikpunt: R50 000 p.m.
Erediensoffers vir Januarie **R2 424**
Mikpunt: R12 000 p.m.
Deuroffer: R515.00 Gemeente - Bediening

NG Gemeente Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin: 13 Januarie 2019

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom in die erediens.
'n Spesiale welkom aan nuwe lidmate, besoekers en studente.
Ons wens jou en jou geliefdes 'n baie voorspoedige 2019 toe

OGGENDDIENS:

09:00	Kategese-Opening
10:00 Erediens:	Dr Johan van den Heever
Skriflesing:	Jesaja 43:1-7
Tema:	Leef jou vrees!

Tee na die oggenddiens

AANDDIENS:

18:00 Erediens:	Dr. Johan van den Heever
Skriflesing:	Handelinge 8:14-25
Tema:	Vernuwing kom deur God, deur my

Indien jy gebed of huisbesoek benodig, voltooi asb die groen vorm in die kerk of kontak die kerkkantoor by 0216864315.

Algemeen

1. **Leesrooster 2019:**
   Leesroosterboekies vir 2019 is nou beskikbaar. Laat weet die Kerkkantoor indien jy sou belangstel. Die boekies kos R120.

2. **13 Januarie 2019 bevestiging van ouderling:**
   Baie geluk aan Gerrit van der Merwe wat vanoggend bevestig word as ouderling verantwoordelik vir die Ondersteuningsdienste.

3. **Week van Gebed 14-17 Januarie 19:00: Kapel Huis Lückhoff**
   Stilte as geloofsdissipline - Die herontdekking van ou Bybelse praktyke.
   Ons gaan hierdie jaar ons week van gebed inrig as `n kursus oor stilte as geloofsdissipline. Ons begin 19:00 en maak 20:00 klaar.
   Daar sal tyd vir stilte gegee word en daar sal by verskeie tekste stilgestaan word. Ons nooi jou dus uit om die geleentheid te kom bywoon.
   Ons hoop om op die volgende sake te fokus:
   - Hoe doen ek dit?
   - Mistiek as vertrekpunt - Wat is mistiek?
   - Om stilte te beoefen - Is dit Bybels?
   - Om stil te kan wees by God - Hoe is ek stil in my gebede?

   Gebedsimfonie:
   Ons sluit ons Week van Gebed af met ons Gebedsimfonie Sat 19 Jan om 09:00. Persone wat hulle huise hiervoor beskikbaar wil stel, kan die kantoor kontak.
   Navrae: Dr. Johan 0834482609

4. **Railway Vintage Market:**
   Ons eerste aandmark is Vrydag 1 Februarie. Ons nooi weer lidmate uit om `n stalletjie te kom opsit, óf vir jou eie sak óf vir die gemeente. Kontak gerus vir Arina Barnard vir meer inligting: 0715949659.

…..vervolg

5. **Dr Johan en Ansie met verlof:**
   Dr Johan en Ansie sal in Februarie vir drie weke met verlof wees. Hulle soek iemand wat dalk tydelike verblyf nodig het om die pastorie (en hulle hond) op te pas terwyl hulle weg is. Die persoon sal vir die hele Februarie in die pastorie kan inwoon. Dalk weet jy van iemand wat tydeike verblyf nodig het. Kontak hulle gerus. (hopelik word daar ook binnekort begin met die opgradering van die buitekamer in `n klein woonstelletjie wat dan uitverhuur sal word as ekstra inkomste vir die gemeente.)
   Kontak Dr Johan van den Heever by 0834482609

6. **Kleuterkerk:**
   Almal wat graag hierby betrokke wil raak, word genooi om na die diens ‘n kort vergadering in Dr Johan se kantoor te kom bywoon. Ons wil graag ‘n paar reëlings tref wat betref materiaal, verloop en ons program. Navrae: Naomi Willemse +27 827076394 uys.naomi008@gmail.com

7. **Onthou!**
   Sondag 27 Jan is ons Nagmaal en ook Koffiekafee. (Ons gaan voortaan elke 4de Sondag van die maand Nagmaal vier.

Program vir die week

Maandag:
19:00 Week van Gebed Kapel H/L

Dinsdag:
09:30 Lewende Woord Bybelstudie vind plaas op 29 Januarie 2019
10:00 Moria Bybelstudie
19:00 Week van gebed Kapel H/L

Woensdag:
19:00 Week van gebed Kapel H/L

Donderdag:
19:00 Week van gebed Kapel H/L

Saterdag:
09:00 Gebedsimfonie by gebedshuise